**VROUE EIS HULLE PLEK OP IN VREDESENDINGS**

**Lindy Heinecken***

Weermagte word reeds sedert die middelnegentigerjare op vredesendings gestuur met die hoofdoelwit om gewone burgers teen gewapende geweld, volksmoord, oorlogsmisdade, etniese suiwering en ander misdade teen die mensdom te beskerm. Hoewel hierdie sendings dikwels gevaarlik is, is dit meestal minder geweldsgerig, en verg dit eerder ’n meer versoenende benadering in die daaglikse omgang met die burgerlike bevolking.

Vredesendings vereis gewoonlik groter onpartydigheid, sensitiwiteit en empatie, alles kenmerke wat tradisionele militêre opleiding oor die algemeen ontmoedig. Een van die redes waarom meer vroue by die weermag en vredesendings ingesluit moet word, is dan ook juis omdat hulle “doeltreffender is as mans met konflikbeslegting en besluitneming, selfs al is hulle dalk minder doeltreffend in gevegsomstandighede”, reken Joshua Goldstein in *War and Gender* (2001).

Terwyl vroue se insluiting voorheen gespruit het uit argumente oor gelyke regte, en in die besonder die “reg om te veg”, berus hulle insluiting nóú op hulle spesiale bydrae tot vredesendings, wat die algehele prestasie van die sending kan verbeter. Hierdie argumente is gegrond op sowel instrumentalistiese as normatiewe oorwegings. In sekere omstandighede is die insluiting van meer vroue glo *noodsaaklik*, veral vir take wat mans weens kulturele oorwegings nie kán verrig nie, soos om vroue by kontrolepunte te deursoek, vroue te ondervra of om mediese, maatskaplike en ander bystand te bied.

Ander meen weer vroue se insluiting is *onontbeerlik* op grond van normatiewe oorwegings oor hulle vermoë om toegang te kry tot, en hulle te vereenselwig met die probleme van, die gasheersamelewing. Vroue kan die doeltreffendheid van sendings verbeter in ruimtes wat hulle manlike eweknieë nie kan betree nie, of waar mans nie steun kan voorsien nie. Hoewel dít dalk die geval is, toon my navorsing nietemin dat dit konteksspesifiek is en deur ’n kombinasie van taal-, rasse-, etniese, godsdienstige of kultuurverskille beïnvloed word.

Nóg ’n rede wat vir ’n sterker vroueteenwoordigheid en vir geslagsgemengde spanne aangevoer word, is die oortuiging dat die insluiting van selfs tokenvroue voorvalle van seksuele geweld, wangedrag en wederregtelike optrede deur hulle manlike eweknieë beperk. Hoewel dít soms die geval is op voetpatrollies, het vrouesoldate egter weinig beheer oor manlike soldate wanneer hulle nié aan diens is nie en met die plaaslike bevolking in aanraking kom. Selfs waar hulle in groter getalle ontplooi word, is daar min bewyse dat vroue werklik seksuele wangedrag deur manlike soldate kan verhoed.

Die aanspraak dat plaaslike vroue meer waarskynlik gevalle van seksuele geweld by vroulike vredebewakers sal aanmeld, is eweneens ongestaaf. Trouens, studies dui daarop dat plaaslike burgers waarskynlik eerder die “uniform” as die geslag van die vredebewaker sal raaksien. Soldate se opdrag is om sekuriteit en beskerming te voorsien ten einde seksuele en geslagsgebaseerde geweld teen vroue te verhoed, en nié om verkragtingslagoffers te hanteer nie. Die hantering van gevalle waar vroue en dogters aan konflikverwante geslagsgebaseerde geweld blootgestel is, maak nie deel uit van soldate se opleiding nie, en vroulike vredebewakers meld aan dat hulle nie voldoende toegerus is om sulke kwessies die hoof te bied nie.

’n Verdere argument vir die insluiting van meer vroue by vredesendings is dat hulle as rolmodelle vir vroue en dogters in postkonflikomgewings in die gasheergemeenskap dien. Die

gedagte is dat die insluiting van meer vroue geslagsnorme laat verskuif en groter getalle vroue in gasheersamelewings aanmoedig om by die polisie en weermag aan te sluit of by vredesprosesse betrokke te raak. So byvoorbeeld is sogenaamde vroueskakelspanne in Afghanistan gebruik in ’n poging om vroue se bemagtiging en regte te bevorder en hulle seggenskap en eienaarskap te bied ten opsigte van oplossings wat hulle regstreeks raak.

Hoewel daar bewyse is van ’n paar gevalle waar dit wél gebeur het, soos in Burundi en Nepal waar vroueorganisasies daadwerklik aan vredes- en postkonflikbeslegtingsprosesse deelgeneem het, het minder as 10% van vroue vredesprosesse onderteken. Die werklike getal vroue wat by vredesendings betrokke raak, bly eweneens laag. In Desember 2018 was slegs 4,2% van alle soldate wat op VN-vredesendings gestuur is vroue. Suid-Afrika se vredesendings sluit gemiddeld 15% vroue in.

Waar vroue minder as 15% van die geheel uitmaak, beleef hulle gewoonlik al die negatiewe gevolge van tokenisme, naamlik druk om te presteer weens hoë sigbaarheid, sosiale afsondering weens hulle verskille van die oorheersende groep, en roltipering as gevolg van geslagstereotipes. Dít blyk duidelik uit vredesendings, waar vroue as “nuttig” beskou word in sekere rolle op grond van hulle vroulikheid of seksualiteit, maar deur bevelvoerders weggekeer word waar hulle kwansuis ’n sekuriteitsbedreiging inhou, so asof vroue nie hulleself kan beskerm nie.

In die lig hiervan moet ’n mens vier onderling verwante faktore in gedagte hou in die oorweging van vroue se vermoë om organisatoriese hervorming in die weermag teweeg te bring en seksisme te bestry. Dít is geslagswanbalanse, geslagstatus, beroepsgeskiktheid en indringerigheid.

Terwyl ons die Internasionale Dag van Vrede (21 September) vier, kom ons hou in gedagte dat ál hierdie faktore ’n invloed het op vroue se vermoë om ’n sinvolle bydrae tot vredebewaking te lewer en om ’n ander, meer gepaste kultuur te skep vir ’n soldaatidentiteit wat nie om oorlogvoering draai nie, maar om sendings vir die beskerming en redding van gewone burgers, meestal vroue en kinders, wat deur gewapende konflik geraak word.

***Lindy Heinecken is ’n professor in Sosiologie in die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy konsentreer veral op verhoudings tussen burgers en die weermag, verdedigingstransformasie, geslagsintegrasie in die weermag, en vredebewaking.**